DISSIPLINêRE BELEID

GEDRAGSKODE VIR LEERDERS

2023

INHOUDSOPGAWE

ETIEKKODE 151
1. INLEIDING 152
2. DOELSTELLINGS....152
3. VOOGSTELSEL....153
3.1 DIE VOOGONDERWYSER....153
3.2 DIE VAKONDERWYSER 153
3.3 GRAADBESTUUR....153
3.4 DIE SE-PERSONEEL....153
3.5 DIE DISSIPLINÊRE KOMITEE....153
4. SKOOL- en ORDEREËLS....153
4.1. VOORKOMSINSPEKSIE (HARE en KLEREDRAG) 153
4.2 VOORKOMS: ALGEMENE INSPEKSIE....154
4.3 STIPTELIKHEID....155
4.4 KLASWISSELING 155
4.5 POUSE....155
4.6 KATEGORIE B en C OORTREDINGS....155
4.7 BUSSE 155
4.8 LAPELWAPENS....156
4.9 TASSE....156
4.10 MOTORS, FIETSE en MOTORFIETSE 156
4.11 REËLS VIR DIE SKOOLTERREIN....156
4.12 BREEK VAN RUITE EN BESKADIGING VAN EIENDOM....156
4.13 TOESTEMMING OM DIE SKOOLTERREIN TE VERLAAT 157
4.14 SIEK LEERDERS....157
4.15 STOKKIESDRAAI....157
4.16 SKOOLFUNKSIES (SPORT- en BUITEMUURSE AKTIWITEITE)....157
4.17 DEURSOEKING, BESLAGLEGGING, DWELMS, GEVAARLIKE SPELETJIES EN WAPENS 158
4.18 SELFONE EN ANDER ELEKTRONIESE APPARAAT (uitgesluit sakrekenaars)....158
4.19 BLOKTYD....158
4.20 TOETSE en EKSAMEN....158
4.21 SOKKIEBELEID 159
4.22 “VRY” op die SKOOLTERREIN....160
4.23 LAATINHANDIGING VAN TAKE, “SBA” EN OPDRAGTE 160
4.24 BESTUUR VAN VOERTUIG OP SKOOLTERREIN SONDER BESTUURSLISENSIE 160
4.25 AANSOEK OM VRYSTELLING VAN ‘N BEPALING VAN DIE GEDRAGSKODE...161
5. WANGEDRAG en SANKSIES VOLGENS DEBIETE-STELSEL....162
6. WANGEDRAG EN SANKSIES (EERSTE EN TWEEDE ERNSTIGE KATEGORIE C OORTREDINGS)....162
7. POSITIEWE GEDRAGSKODE 163
8. NEGATIEWE GEDRAGSKODE....164

KATEGORIE A (Minder ernstige oortredings) 164
KATEGORIE B (Ernstige oortredings)....165
KATEGORIE C (Baie ernstige oortredings)....167
10. PROSEDURE VIR DISSIPLINêRE OPTREDE TEEN LEERDERS 168
10.1 DISSIPLINÊRE OPTREDE (Minder ernstige oortredings)....168
10.2 VOORKOMENDE SKORSING....169
10.3 DISSIPLINÊRE VERHOOR....169
10.4 INTERNE APPÈL....171
VOORBEELD DOKUMENTE....173
KENNISGEWING VAN DIE DISSIPLINÊRE VERHOOR VAN 'N LEERDER, GEDRUK OP DIE BRIEFHOOF VAN DIE SKOOL 174
KENNISGEWING VAN DIE UITSLAG VAN DIE DISSIPLINÊRE VERHOOR VAN 'N LEERDER, GEDRUK OP DIE BRIEFHOOF VAN DIE SKOOL 176
Pleitooreenkoms 178
DETENSIEPROSEDURE 2020....181

HOËRSKOOL WITTEBERG
GEDRAGSKODE VIR LEERDERS

ETIEKKODE

Ek verbind my plegtig tot die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika en ek onderneem om die reg en die regstelsel te respekteer, te onderhou en te bevorder.

Ek verbind my daartoe om:

- die gedragskode en al die reëls en regulasies van Hoërskool Witteberg getrou na te kom;
- hoë morele en etiese standaarde te handhaaf;
- daarna te streef dat my optrede, binne en buite skoolverband, altyd verantwoordelik en ter bevordering van Hoërskool Witteberg se goeie naam sal wees;
- my skoolwerk met ywer, pligsgetrouheid en toewyding te doen en
- die nodige hoflikheid en respek teenoor alle personeel, medeleerders, ouers en besoekers te betoon.

Ek onderwerp my aan enige dissiplinêre maatreël indien ek sou versuim om enige bepaling of maatreël in die skool se gedragskode na te kom.

Ek verklaar hiermee dat ek enige dissiplinêre maatreël aanvaar indien my aksies teen die regulasies of verduidelikings van die gedragskode van my skool was.

Geteken te _____ op hierdie _____ dag van

_____ 2022._____ Leerder

1. INLEIDING

Hierdie gedragskode is die gedragskode van Hoërskool Witteberg soos die Beheerliggaam van Hoërskool Witteberg dit op 27 JANUARIE 2016 goedgekeur het. Die beheerliggaam het die ouers, leerders en opvoeders van die skool oor die inhoud van die gedragskode geraadpleeg.

Hierdie gedragskode vir leerders is bedoel om die nodige ruimte te skep vir leerders om hulself uit te leef sonder dat die volgende persoon daardeur benadeel word. Die volgende beginsels vorm die agtergrond waarteen hierdie gedragskode funksioneer:

1.1 Die BYBELSE begronding vir gesag en dissipline word in die tien gebooie gevind. Hoërskool Witteberg erken die gesag van die Drie-enige God as Skepper en Heerser van die heelal, asook oor elke individu - ook van hierdie skool.

1.2 Opvoedingdoelwitte en prestasies word slegs bereik in ‘n atmosfeer waar dissipline heers.

1.3 Leerders ervaar sekuriteit en veiligheid in omstandighede waar dissipline en gesag heers. Alleen in hierdie omstandighede is leerders bereid om te waag, insiatief en kreatiwiteit aan die dag te lê, en om te leer.

1.4 Alleen wanneer orde bestaan en elke leerder oor selfrespek beskik en respek teenoor ander openbaar, kan daar ‘n gelukkige skoolgemeenskap bestaan waarin elkeen sy/haar doel verwesenlik.

1.5 Hierdie gedragskode gee verder erkenning aan die volgende:

- Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 108 van 1996;
- Die Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet 84 van 1996;
- Die Wet op Nasionale Onderwysbeleid, Wet 27 van 1996;
- Riglyne vir Gedragskode vir Leerders (Algemene Kennisgewing 776 in Staatskoerant 18900 van 15 Mei 1998);
- Die Regulasies met betrekking tot Apparate vir Dweltoetsing en die Prosedure wat gevolg moet word (GK 1140 in Staatskoerant 31417 van 19 September 2008);
- Regulasies vir Veiligheidsmaatreëls by Openbare Skole (GK 1040 in Staatskoerant 22754 van Oktober 2001, soos gewysig)
- en toepaslike provinsiale wetgewing.

1.6 Die Grondwet verskaf ruimte vir godsdiensvryheid en leerders met spesiale behoeftes t.o.v. godsdiens sal die nodige ruimte gegun word.

1.7 Leerders en hul ouers moet hulself van die skool se gedragskode en bepalings daarvan vergewis. Sodra leerders by die skool / skoolkoshuis ingeskryf is, is hulle onderworpe aan die gedragskode en moet hulle dit stiptelik nakom. Indien leerders die gedragskode oortree of minag, sal daar ooreenkomstig die dissiplinêre prosedure vir leerders teen hulle opgetree word.

2. DOELSTELLINGS

Hoërskool Witteberg streef na kwaliteit onderwys wat gerig is op:

2.1 ‘n Gelukkige geborge saamleefgemeenskap vir leerders, onderwysers en ouers.

2.2 Leerders wat elkeen maksimaal volgens hul vermoë, belangstelling en realistiese verwagting presteer.

2.3 Elke leerder wat uiteindelik toegeruste, toegewyde, verantwoordelike en dienende landsburgers sal wees.

2.4 Leerders wat in diens van God Drie-Enig voldoen aan die taak en doel wat Hy vir elke individu beoog.

3. VOOGSTELSEL

'n Geïntegreerde voogstelsel word by hierdie skool bedryf wat voorsiening maak vir die leerders se algemene en spesifieke welvaart. Die volgende fasette is van toepassing:

3.1 DIE VOOGONDERWYSER

Hierdie persoon verteenwoordig die eerste linie van 'n leerder se welsyn by Hoërskool Witteberg. Die voogonderwyser is daar om die leerder in totaliteit te ondersteun.

3.2 DIE VAKONDERWYSER

Hierdie persoon is verantwoordelik vir goeie effektiewe onderrig sodat die kind die geleentheid kry om self te ontdek wat sy/haar vermoëns is, asook om die inhoude van die bepaalde vak op 'n sinvolle wyse sy/haar eie te maak. Leerders wat sinvolheid en betekenis ervaar, is welaangepaste en gelukkige leerders.

3.3 GRAADBESTUUR

3.3.1 DIE GRAADHOOF

Hierdie persoon is in beheer van 'n graad. Die graadhoof is benewens die graadbestuur ook verantwoordelik vir die dissipline van die betrokke graadgroep, graadvergaderings en graadgees.

3.3.2 DIE GRAADVOOG

Hierdie persoon waak oor die opvoedingswelsyn en akademiese welstand van 'n graadgroep.

3.4 DIE SE-PERSONEEL

Hierdie persone is vyf dae van die week by die skool. Hulle skakel voorkomend en as berader by die voogprogram in. Hulle is daar vir die leerders.

3.5 DIE DISSIPLINÊRE KOMITEE

Die komitee bestaan uit die adjunkhoofde en die departementshoofde. Die dissiplinêre komitee waak oor die goeie orde by Hoërskool Witteberg in diens van die leerder.

4. SKOOL- en ORDEREËLS

4.1. VOORKOMSINSPEKSIE (HARE en KLEREDRAG)

Die voorkomsinspeksie moet tweeweekliks direk na opening gehou word vir 'n duur van 30 minute. **Die volledige voorkomsreëls en riglyne is vervat in die voorkomsbeleid van die skool wat as aparte beleid besigtig kan word.**

1. Hierdie vorm van inspeksie is slegs gerig op leerlinge se hare en kleredrag tydens die dag van die inspeksie.

2. Die **SEUNS-** en **DOGTERSINSPEKSIE** sal as volg hanteer word:

1STE INSPEKSIE:

a) Vind plaasvind in die amfiteater (dogters) en aantreeblad (seuns).
b) Die personeel in groepe, soos ingedeel volgens die voorkomshoof, hanteer dit in klasverband/graadverband.
c) Oortreders se name word na die voorkomshoof gestuur wat hul weer kontroleer.
d) Die voorkomshoof stel ‘n lys saam van leerlinge wat weer gekontroleer gaan word tydens die 2de inspeksie oor 2 dae.
e) Slegs verkeerde klere regverdig ‘n onmiddelike detensie.
f) Daar word 2 dae aan leerlinge wie se hare verkeerd was gegun om reg te maak.

2DE INSPEKSIE:

a) Die voorkomshoof hanteer die 2de inspeksie.
b) Oortreders se name word na die dissiplinêre hoof gestuur om geboek te word vir ‘n pouse detensie.
c) Leerlinge wat steeds nie aan voorkomsvereistes voldoen nie word ingelig dat hul oor 2 dae weer ‘n 3de inspeksie sal moet slaag.
d) Vanaf die 2de inspeksie begin alle leerlinge wat steeds nie aan die vereistes voldoen nie, detensie sit.

3DE INSPEKSIE:

a) Die voorkomshoof hanteer die 3de inspeksie.
b) Oortreders se name word na die dissiplinêre hoof gestuur om geboek te word vir ‘n pouse detensie.
c) Leerlinge wat steeds nie aan voorkomsvereistes voldoen nie word ingelig dat hul nou detensie gaan sit totdat daar aan vereistes voldoen word.
d) Leerlinge moet daarna self by die voorkomshoof gaan kontroleer of hul voorkoms reg is en of hul name van die detensielys verwyder is anders word hul name op die lys gehou.
e) Leerlinge wat vir 3 agtereenvolgende dae detensie sit sal outomaties kwalifiseer vir ‘n verpligte strafstudie.

4.2 VOORKOMS: ALGEMENE INSPEKSIE

1. Algemene inspeksie vind op ‘n daaglikse basis plaas en word uitgevoer deur alle personeel van Witteberg Hoërskool.
2. Leerlinge word daagliks in klasse en op die skoolgrond deur waarneming geinspekteer en volgens netheid en voorkoms beoordeel.
3. Seuns en dogters kan volgens hierdie tipe inspeksie op dieselfde dag van die oortreding ‘n detensiesanksie ontvang.
4. Name van hierdie leerlinge MOET die dissiplinêre hoof voor periode 3 bereik.
5. Seuns wat hul onder andere aan die volgende skuldig maak sal daardie selfde dag detensie sit:
    - **Nie geskeer nie**
    - **Verkeerde kleredrag, wat belde, kouse en geen das insluit**
    - **Verkeerde sportdrag**
6. Dogters wat hul onder andere aan die volgende skuldig maak sal daardie selfde dag detensie sit:
    - **Naels wat verkeerd is**
    - **Verkeerde oorbelle**
    - **Grimering**
    - **Verkeerde kleredrag, soos deur die dames voorgeskryf**
    - **Verkeerde sportdrag**

7. Die name van hierdie leerlinge hoef nie eers na die onderskeie voorkomshoofde gestuur te word nie, maar kan DIREK aan die dissilpinêre hoof gestuur word deur enige personeellid.
8. Dit word ook die onderwyser wat die leerder aanspreek se plig om hom/haar in te lig dat hy/sy daardie selfde dag detensie sit en waar dit sal plaasvind.
9. Leerlinge sal dan ook hierdie detensie bywoon totdat die probleem aangespreek is en die leerder aan die algemene voorkomsreëls voldoen.

Let Wel:

10. Geen leerder kan wel tydens hierdie algemene inspeksie aangespreek word oor hul hare wat nie volgens reëls is nie. Dit sal aangespreek word tydens die Hare- en Kleredraginspeksie

4.3 STIPTELIKHEID

Leerders sal op die bestemde tyd aan die begin van die skooldag en met die aanvang van enige ander skoolaktiwiteit opdaag. Wanneer leerders laat kom vir skool, moet hulle ‘n skriftelike verskoning van hul ouers verskaf. Leerders wat laat opdaag vir skool, moet eers by die kantoor aanmeld voordat hul na die betrokke klas gaan.

Daar moet dadelik gereageer word as die klok lui. Alle saalopeninge, aantreebladopeninge en ander samekomste moet bygewoon word. Verdaging moet vinnig en flink geskied.

4.4 KLASWISSELING

Die wisseling van klasse moet ordelik geskied. Niemand mag tydens wisseling na die snoepie. Daar word 5 minute toegelaat vir wisseling. Leerders wat nie dan in die klasse is nie, sal gestraf word.

4.5 POUSE

Leerders mag nie die terrein verlaat gedurende pouse sonder die toestemming van die adjunkhoof nie. Die terrein moet skoon gelaat word na pouse en alle rommel moet in die vullisdromme gegooi word. Geen leerders word in lokale, op die stoepe, in die koshuis of op die verbode terrein toegelaat nie.

4.6 KATEGORIE B en C OORTREDINGS

Geen leerders mag op die skoolterrein of in die gebou of in busse rook, drank of dwelms gebruik nie of in besit daarvan wees nie of onder die invloed van bogenoemde middels wees nie. Geen leerder van Witteberg mag in skooldrag (normale uniform of sportdrag) rook, drank of dwelms gebruik of in besit daarvan wees nie of onder die invloed van bogenoemde middels wees nie. Leerders in privaatdrag mag nie by ‘n skoolaktiwiteit of op die skoolterrein rook, drank of dwelms gebruik nie of in besit daarvan wees nie of onder die invloed van bogenoemde middels wees nie. Leerders mag nie Hubbly Bubbly gebruik nie.

4.7 BUSSE

Geen voorwerp mag rondgeslinger word in busse nie of by vensters uitgegooi word nie. Hoflikheid geld ten alle tye. Die gedragskode geld ook in busse.

4.8 LAPELWAPENS

Leerders mag slegs skoolverwante lapelwapens dra wat tydens die jaarlikse prysuitdeligsfunksie aan die leerders toegeken is en dus deur die skool goedgekeer is. Geen beperking op die hoeveelheid lapelwapens word geplaas nie.

4.9 TASSE

Handtassies mag slegs gedurende eksamentye gebruik word. Geen seilsakke word toegelaat nie. Geen plakkers of skrywery word op tasse toegelaat nie. Slegs voorgeskrewe “navy” tasse met versterkings en afskortings binne-in mag gebruik word.

4.10 MOTORS, FIETSE en MOTORFIETSE

Leerders mag nie motorvoertuie of motorfietse op die skoolterrein bring nie, tensy hulle oor die vooraf- skriftelike toestemming beskik van die skoolhoof of ’n ander personeellid wat deur die skoolhoof genomineer is, en tensy hulle stiptelik aan enige voorwaardes voldoen waaraan gemelde toestemming onderhewig kan wees. Indien ’n leerder nie in besit is van sodanige toestemming wanneer hy/sy deur enige lid van die personeel, beheerliggaam of VRL of ’n skoolleier versoek word om dit te toon nie, sal daar aanvaar word dat hy/sy nie oor sodanige toestemming beskik nie, totdat hy/sy die teendeel kan bewys.

Die bestuur van ‘n motorvoertuig of motorfiets deur ’n leerder sodat dit ‘n gevaar of moontlike nadeel vir ander leerders op die skoolterrein of ander leerders en lede van die publiek in die onmiddellike omgewing van die skoolterrein inhou, is streng verbode.

Leerders sal te alle tye die verkeersreëls op en om die skoolterrein nakom. Alle motorvoertuie, motorfietse en fietse word op eie risiko op en om die skoolterrein parkeer.

Geen leerder word toegelaat tydens skoolure, pouse ingesluit, by die motors, fietse en motorfietse nie. Geen leerder mag met ‘n motor, fiets of motorfiets gedurende skoolure, pouse ingesluit, op die skoolterrein rondry nie of die skoolterrein verlaat nie. Alle leerlinge wat met motors of motorfietse skooltoe ry, moet in besit van ‘n geldige lisensie wees. Geen leerder met ‘n leerling lisensie mag ander leerders vervoer nie.

4.11 REËLS VIR DIE SKOOLTERREIN

Hou die skoolterrein ten alle tye netjies en skoon. Gebruik die vuilgoeddromme vir rommel, wat oral op die skoolterrein geplaas is. Hou die klaskamers, kleedkamers en sportterrein netjies. Geen gekrap op mure, skoolbanke of geboue word toegelaat nie.
Bespaar elektrisiteit deur ligte af te skakel.

4.12 BREEK VAN RUITE EN BESKADIGING VAN EIENDOM

Die beskadiging van eiendom moet onmiddellik aan die kantoor gerapporteer word. Leerders verantwoordelik vir breek van ‘n ruit of die beskadiging van eiendom is verantwoordelik vir die vervangingskoste en die koste van arbeid.

4.13 TOESTEMMING OM DIE SKOOLTERREIN TE VERLAAT

4.13.1 Afspraak

'n Leerder wat die skoolterrein moet verlaat (bv. doktersafspraak, leerlinglisensie ens) gedurende die dag moet 'n brief van sy/haar ouers inhandig by die registervoog of 'n skriftelike bewys van die afspraak toon. Die leerder kry dan 'n toestemmingsbrief by sy/haar registervoog en teken uit by die adjunkhoof. Die leerder teken uit saam met sy/haar ouer/voog in die uittekenregister.

4.13.2 Siek

Leerders wat siek word by die skool meld aan by die registervoog of adjunkhoof. Die registeronderwyser of die adjunkhoof sal die ouers/voogde kontak. ***Geen leerder word toegelaat om self die ouers/voogde per selfoon te kontak nie.***

4.14 SIEK LEERDERS

Indien 'n leerder tuisbly as gevolg van siekte, MOET die ouers/voogde asseblief die oggend die skool skakel en dit aanmeld. Dit moet bevestig word met 'n brief wat by sy/haar registervoog ingehandig word. Indien 'n leerder nie 'n toets of eksamenvraestel geskryf het nie, word 'n ***mediese sertifikaat*** vereis.

4.15 STOKKIESDRAAI

Stokkiesdraai word as 'n baie ernstige oortreding gesien en moet onmiddellik aan die kantoor gerapporteer word. Sien gedragskodeoortredings.

4.16 SKOOLFUNKSIES (SPORT- en BUITEMUURSE AKTIWITEITE)

Leerders wat gekies word om die skool as deelnemers in enige sport- of ander buitemuurse aktiwiteite te verteenwoordig, moet gedurende en ná deelname aan sodanige aktiwiteit in die sportdrag, skooldrag of ander voorgeskrewe drag geklee wees soos wat die opvoeder wat vir daardie aktiwiteit verantwoordelik is, bepaal.

Alle leerders wat aan voormelde aktiwiteite deelneem, sal lojaal wees teenoor die skool en mededeelnemers. In die besonder moet deelnemers betyds en stiptelik by die plek aanmeld waar die aktiwiteit plaasvind of van waar deelnemers na die betrokke plek van deelname vertrek. Leerders wat gekies is om die skool in 'n aktiwiteit te verteenwoordig kan slegs van bywoning verskoon word indien 'n skriftelike verskoning vooraf aan die sport- of kultuurhoof oorhandig word. Onvermydelike afwesigheid van 'n aktiwiteit sal slegs verskoon word indien die sport- of kultuurhoof nie later nie as twee dae na afloop van die betrokke aktiwiteit 'n skriftelike verskoning ontvang.

Leerders wat die skool by sportaktiwiteite verteenwoordig, sal te alle tye hoflik optree teenoor, en aan die beslissings, voorskrifte en opdragte voldoen van:

- die sporthoof en die opvoeder wat by die bepaalde sport betrokke is;
- die skeidsregter of beoordelaar ten aansien van die betrokke aktiwiteit;
- en die spankaptein.

Alhoewel daar aanvaar word dat leerders wat aan sportaktiwiteite deelneem dit met oorgawe en

volle inspanning doen, moet sodanige leerders steeds selfbeheersing en dissipline aan die dag lê. In die besonder moet leerders hulle van enige onsportiewe gedrag, vuil of beledigende taal, betrokkenheid in gevegte of voorvalle, of enige vuil of onbehoorlike spel weerhou.

Toeskouers en ondersteuners by sport- en ander buitemuurse aktiwiteite:

- Alle leerders wat enige skoolaktiwiteit as toeskouers of ondersteuners bywoon, sal, benewens die nakoming van die bepalings van hierdie gedragskode, hulle van ontwrigtende, onbehoorlike, opstandige, onnodig opruiende of onbetaamlike gedrag weerhou. In die besonder mag leerders nie negatief op die beslissings van beoordelaars of skeidsregters reageer nie.

- Leerders wat enige skoolaktiwiteit as toeskouers of ondersteuners bywoon, sal hulle onderwerp aan en neerlê by enige opdragte en aanwysings wat hulle voor, gedurende én na afloop van die betrokke aktiwiteit ontvang van die skoolhoof, enige opvoeder, lid van die Verteenwoordigende Raad van Leerders (VRL), ander skoolleiers, of ouers wat die skoolhoof aangestel het om met die vervoer, toesig of beheer van leerders te help wat na of van die betrokke aktiwiteit vervoer word, of dit bywoon.

Bostaande reëls geld ook enige deelname aan enige ander buitemuurse aktiwiteite buiten sport, behalwe waar dit ooglopend nie van toepassing is nie.

4.17 DEURSOEKING, BESLAGLEGGING, DWELMS, GEVAARLIKE SPELETJIES EN WAPENS

Volgens die Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996 Atikel 8A (subartikel 2 en 3) mag die prinsipaal of die gedelegeerde enige groep leerders of eiendom van ‘n groep leerders ewekansig vir enige gevaarlike voorwerp of onwettige dwelmmiddel deursoek. Geen gevaarlike speletjies word toegelaat op die skoolterrein nie. Geen wapens, bv. messe, vuurwapens, ens. mag in die besit van ‘n leerder wees nie. Geen vuurwerke, tuisgemaakte bomme, klappers of enige instrumente wat voorwerpe skiet mag in ‘n leerder se besit wees nie. Geen dwelmmiddel mag op die skoolterrein gebring word nie of by ‘n leerder in skooluniform of sportdag van Hoërskool Witteberg gevind word nie.

4.18 SELFONE EN ANDER ELEKTRONIESE APPARAAT (uitgesluit sakrekenaars)

Verwys na die selfoon en elektronies apparat beleid van die skool.

4.19 BLOKTYD

- Bloktyd gedurende die Junie en November eksamens word verbeur indien netto punte 300 (negatief) of meer is.
- Vir die Junie-bloktyd word Kwartaal 1 en 2 se netto punte vir berekening gebruik en vir die November-bloktyd word Kwartaal 3 en 4 se netto punte gebruik.
- Die leerders wat bloktyd verbeur, moet dus die hele skooldag (07:25 tot 13:40) teenwoordig wees.

4.20 TOETSE en EKSAMEN

- Alle leerders is verplig om hulle aan toetse en eksamens wat deur die opvoeders aan hulle

opgedra word, te onderwerp. Versuim om aan hierdie reël te voldoen sal slegs in uitsonderlike gevalle verskoon word, mits die ouers van die betrokke leerder op die vroegste moontlike geleentheid ‘n volledige en aanvaarbare skriftelike verduideliking aan die skoolhoof oorhandig.

Die volgende reëls geld tydens eksamens en toetse:

- Alle tasse, skrifte, handboeke of notas word voor of agter in die eksamenlokaal geplaas voor die eksamen begin. (Indien spasie ‘n probleem is, word tasse buite die lokaal geplaas.)
- Geen sakrekenaar, Tipp-Ex, pen, liniaal of ander tekenapparaat mag tydens eksamen uitgeleen word nie.
- Formules/inligting mag nie op liniaal, binne sakrekenaarhouer of enige ander plek geskryf wees nie.
- Geen geselsery of briefies skryf, word tydens die eksamen toegelaat nie.
- Slegs ‘n blou pen word vir skryfwerk gebruik en potlood vir sketse en tekeninge. GEEN rooi, swart of groen pen nie. Pennesakkies / -houers moet asseblief op die vloer geplaas word en die nodige skryfapparaat moet op die bank geplaas word.
- Vir sessies of gedeeltes daarvan wanneer leerlinge nie skryf nie, moet voldoende leerwerk saamgebring word.
- Verbode artikels tydens die eksamen sluit in: enige klankapparaat (ipod, ens), speelkaarte, speletjies, skaakstel, prenteverhale of ontspanningsleestof. Selfone moet afgeskakel wees en in die leerling se tas gelaat word.
- Leerlinge mag nie eet, kou of drink in die eksamenlokaal nie.
- Leerlinge mag nie dwarsdraai in die banke nie.
- Indien oneerlikheid voorkom, word ***geen punte*** vir die vraestel toegeken
- nie en word daar volgens die gedragskode gehandel.

Afwesighede tydens eksamens:

- Indien afwesig vir ‘n vraestel stel die ouer die skool telefonies in kennis EN ***handig ‘n mediese sertifikaat*** **(binne 24 uur)** in, wat bevestig dat die leerling nie in staat was om eksamen te skryf nie.
- Hierop word ook verklaar dat die geneesheer die kandidaat gesien en ondersoek het.
- Reël so gou doenlik met die betrokke onderwyser (‘n siektetoets, mondeling ens).
- Indien afwesig sonder verskoning vir ‘n vraestel word geen punte toegeken nie.
- ‘n Vraestel word nooit oorgeskryf nie.

4.21 SOKKIEBELEID

Hoërskool Witteberg bied gereeld vir leerlinge sokkies aan, asook ‘n senior en junior Valentynsbal. Alvorens enige leerling enige van bogenoemde geleenthede kan bywoon, moet hierdie beleid deeglik deurgelees en onderteken word. Leerlinge wat nie hierdie beleidsdokument teken en terugbesorg aan die registerpersoneellid nie, sal toegang tot hierdie geleenthede verbeur.

- Tye soos deurgegee aan leerlinge is vas. Indien ‘n leerling later na die sokkie of dans toe wil kom as die gekommunikeerde tyd, moet die leerling se ouer of voog een van die toesighouers in kennis stel hiervan. Indien ‘n leerling die sokkie of dans wil verlaat voor die gekommunikeerde tyd, moet ‘n ouer of voog die leerling by die lokaal waar die geleentheid plaasvind kom haal. Toesighouers (VRL- voogde) sal geen leerling toelaat om die sokkie of dans vroeër te verlaat indien die ouer of voog nie die leerling persoonlik by die lokaal kom haal nie.

- Geen leerling sal toegelaat word om sonder ‘n bestuurslisensie op die skoolterrein te parkeer nie.

- Die toesighouers mag op enige tydstip ‘n leerling se handsak, rugsak of enige drasak deursoek indien daar ‘n redelike vermoede bestaan dat die leerling in besit is van enige verbode middels of ‘n gevaarlike voorwerp.
- Geen leerling sal toegelaat word tot die lokaal met enige waterbottels, koeldrankbottels of enige vloeistowwe wat nie by die toesighouers gekoop is nie. Enige bottel sal verwyder word, ongeag die inhoud van die bottel.
- Die toesighouers is by magte om ‘n leerling wat nie gepas geklee is, huis toe te stuur en hul die geleentheid te gee om te gaan verklee.
- Dogters: Let asb. op die lengte van julle rokke en kortbroeke. Indien enige van jou onderklere sigbaar is tydens die aand sal jy gevra word om die geleentheid te verlaat en te gaan verklee.
- Seuns: Geen kaalbolyfleerlinge sal toegelaat word tot die geleentheid nie.
- Leerlinge word nie toegelaat om te rook tydens ‘n sokkie of dans nie. Die gedragskode rondom rook op skoolterrein geld ook tydens ‘n sokkie of dans, binne en buite die lokaal.
- Drank- en dwelm gebruik is nie toelaatbaar tydens die sokkie of dans nie, nie binne of buite die lokaal nie. Indien die toesighouers ‘n redelike vermoede het dat ‘n leerling onder die invloed van drank of dwelms die sokkie bywoon, mag die toesighouers die leerling se ouers in kennis stel en hul versoek om die leerling te kom haal. Die skool mag self die alkohol- of dwelmtoets doen of die ouers versoek om ‘n alkohol- of dwelmtoets te doen. Die gedragskode rondom alkohol- en dwelmmisbruik geld ook tydens ‘n sokkie en dans.
- Geen wapen, skerp voorwerp, of enige item wat ander leerlinge in gevaar kan stel, mag binne die lokaal geneem word nie. Toesighouers is by magte om enige voorwerp wat hulle gevaarlik ag, af te neem voor ‘n leerling tot die sokkie of dans toegelaat word.
- Die aanbied van sokkies of danse, Valentynsbal ens. word gereël deur die skool se VRL. Voorstelle moet deurgegee word aan die VRL.

4.22 “VRY” op die SKOOLTERREIN

- Geen leerders mag in skooldrag of op die skoolterrein gedurende skooltyd of na skool “vry”. Die nodige negatiewe punte sal toegeken word.

4.23 LAATINHANDIGING VAN TAKE, “SBA” EN OPDRAGTE

- Indien ‘n taak, “SBA” of opdrag na die sperdatum ingehandig word, sal “0” toegeken word.

- Personeel sal streng volgens die gedragskode handel.

4.24 BESTUUR VAN VOERTUIG OP SKOOLTERREIN SONDER BESTUURSLISENSIE

- Die skool behou die reg voor om die verkeersdepartement te skakel indien die bestuurder van die voertuig sonder ‘n wettige rybewys op die skoolterrein bestuur. Indien die bestuurder sonder ‘n rybewys, leerlinge in gevaar stel, mag die sleutels van die voertuig gekonfiskeer word.

- Die ouers van die leerling wat sonder rybewys bestuur, moet gekontak word sodat hulle die voertuig kan kom haal.

4.25 AANSOEK OM VRYSTELLING VAN ‘N BEPALING VAN DIE GEDRAGSKODE

4.25.1 Die Hoërskool Witteberg gee aan enige leerder die reg om aansoek te doen om vrystelling van ‘n bepaling van die gedragskode, op godsdienstige en/of kulturele gronde. Aansoek om vrystelling moet ook aan die volgende prosedurele vereistes voldoen:

i. Daar moet vooraf skriftelik aansoek gedoen word.
ii. In gevalle waar leerders daartoe in staat is om self hulle wense te verwoord, moet leerders self aansoek doen, maar hulle ouers se skriftelike onderskrywing by die aansoek insluit.
iii. Waar leerders nie daartoe in staat is om self hulle wense te verwoord nie, moet ouers namens leerders aansoek doen.
iv. Die skriftelike aansoek moet aandag skenk aan die aspekte wat hierna uiteengesit word.
v. Leerders en ouers moet bereid wees om ’n vergadering met die beheerliggaam (of ’n komitee van die beheerliggaam) by te woon ten einde die vrystelling te bespreek.
vi. Moontlike voorwaardes vir die vrystelling moet in oorleg met leerders/ouers bespreek word ten einde die impak op die gedragskode so ver moontlik te beperk.
vii. Die beheerliggaam moet kundiges op die gebied van die betrokke geloof of kultuur oor die aard van die bepaalde praktyk raadpleeg.
viii. Die leerders/ouers moet skriftelik van die beheerliggaam se besluit sowel as enige voorwaardes wat met die vrystelling verband hou, ingelig word.

4.25.2 In oorweging van die aansoek om vrystelling, moet daar deur die beheerliggaam aan die volgende aspekte aandag gegee word:

a. Die kulturele of godsdienstige praktyk waarop die aansoek gegrond is;
b. Die belangrikheid van daardie praktyk vir die betrokke leerder;
c. Of die betrokke praktyk verpligtend of vrywillig is;
d. Of die betrokke kulturele of godsdientige gemeenskap dit as ‘n praktyk ag wat gewoonlik vrystelling van ‘n skoolreël sou regverdig;
e. Die omvang van die vrystelling wat verlang word (oftewel hoe ver daar van die gedragskode afgewyk sal moet word) en
f. Die uitwerking wat die toestaan van vrystelling op die vestiging van die “gedissiplineerde en doelgerigte skoolomgewing wat toegewy is aan die bevordering en instandhouding van die gehalte van die leerproses”, soos hierbo genoem, sal hê.
g. Die aansoeker moet aantoon dat die bepaalde praktyk, sentraal staan tot die spesifieke geloof end at dit noodsaaklik is vir die behoorlike beoefening van die geloof.

4.25.3 Sou die versoek toegestaan of gedeeltelik toegestaan word, moet die versoek en die uitkoms daarvan baie deeglik met alle rolspelers (bv. Die onderwysers en die leerlinge) bespreek word.

4.25.4 Indien die toelating van ‘n bepaalde praktyk ‘n onredelike las op die skool sou plaas, kan die skool dit weier solank daar te alle redelik tegemoetkomend opgetree is**.**

5. WANGEDRAG en SANKSIES VOLGENS DEBIETE-STELSEL

AANTAL DEBIETE	100 +	200+	300 +	400 +	500 +	600+
ALGEMENE WANGEDRAG	• Mondelinge waarskuwing deur registervoog • Detensie:1dag	• Vir ***elke 150*** negatiewe punte: • Detensie 2 dae • Waarskuwing en skakel ouers (Graadhoof) • Vorderings-verslag vir 1 siklus	• Tweede mondelinge waarskuwing • Opskort van bloktyd (eksamen) • Vorderings-verslag vir 2 siklusse • Detensie: 3 dae • Opheffing van leiersposisies	• Eerste skriftelike waarskuwing (Adjunkhoof) • Gesprek met ouers (Adjunkhoof) • Vorderingsver-slag vir 3 siklusse • Detensie: 4 dae	N Tweede skriftelike waarskuwing (Hoof) N Gesprek met ouers (Hoof) N Detensie: 5 dae N	N Dissiplinêre verhoor (BHL) N Aanbeveel vir permanente uitsetting

6. WANGEDRAG EN SANKSIES (EERSTE EN TWEEDE ERNSTIGE KATEGORIE C OORTREDINGS)

OORTREDING	EERSTE OORTREDING	TWEEDE OORTREDING
Kategorie C	• Dissiplinêre gesprek of dissiplinêre verhoor soos aanbeveel deur dissiplinêre komitee • Uitkoms van dissiplinêre gesprek kan wees: • Finale skriftelike waarskuwing • Opheffing van leierskap posisies • Pleitooreenkoms • Aanmeld by Vrystaat Onderwys Departement Hulpdiens • Uitkoms in geval van dissiplinêre vehoor soos bevind: • Aanbeveling tot uitsluiting of uitsetting • enige ander ter saaklike sanksie(s)	• Dissiplinêre verhoor deur BHL • Aanbeveling aan skoolbestuur oor gepaste sanksies • Aanbeveling aan Vrystaat Dept Onderwys tot skorsing of uitsetting

7. POSITIEWE GEDRAGSKODE

KODE	AKSIE	OUERS	POSITIEWE PUNTE
K 1	Klas skoonmaak en uitvee	Nee	5
K 2	Vrywillige hulp met administrasie / hulp in ‘n periode	Nee	5
K 3	Buitegewone opdrag uitgevoer (eenmalig)	Nee	10
K 4	Hulp na skool (1 tot 2 uur)	Nee	10
K 5	Sport- /Kultuurdeelname sonder getroue bywoning van oefening	Nee	10
K 6	Bywoon van byeenkoms as toeskouer	Nee	15
K 7	Hulp na skool waar fisies gewerk word vir 2 tot 4 uur	Nee	25
K 8	Getroue bywoon van oefeninge en deelname aan 1 tot 4 wedstryd / kompetisie ens	Nee	25
K 9	Akademiese verbetering van 20%+ op gemiddeld	Nee	30
K 10	Akademies (70% +) (kwartaaliks)	Nee	30
K 11	Akademies (80% +) (kwartaaliks)	Nee	40
K 12	Korvee	Nee	30
K 13	Aanmeld van oortreding van ‘n medeleerder	Nee	50
K 14	Hulp na skool waar fisies gewerk word vir 4 uur +	Nee	60
K 15	Etiese lojaliteit: Rapportering van oortreders (ernstige Kategorie B- en C-oortredings)	Nee	100
K 16	Leierskap (kaptein van sportspan / kultuuraktiwiteit, kringleiers ens)	Nee	40
K 17	Leierskap (VRL)	Nee	100
K 18	Deelname aan provinsiale span	Nee	100
K19	Deelname / lid van streekspan	Nee	40
K20	Getroue bywoon van oefeninge en deelname aan 5 tot 9 wedstryd / kompetisie ens	Nee	125
K21	Getroue bywoon van oefeninge en deelname aan 10 tot 14 wedstryd / kompetisie ens	Nee	250
K22	Getroue bywoon van oefeninge en deelname aan 15 tot 19 wedstryd / kompetisie ens	Nee	375
K23	Getroue bywoon van oefeninge en deelname aan 20+ wedstryd / kompetisie ens	Nee	500
K24	Redenaars: deelname eerste (1ste) rondte	Nee	50
K25	Redenaars: deelname tweede (2de) rondte	Nee	100
K26	Redenaars: deelname derde (3de) rondte (VS-finaal)	Nee	150
K27	Redenaars: deelname vierde (4de) rondte (Landswyd)	Nee	200
K28	Kleuratletiek: wenspan	Nee	20

8. NEGATIEWE GEDRAGSKODE

KATEGORIE A (Minder ernstige oortredings)

KODE	OORTREDING	NEGATIEWE PUNTE
101	Laat vir klas	-10
102	Huiswerkversuim/ Huiswerk onvolledig / Boek of notas vergeet	-10
103	Rommelstrooi	-10
104	Laat vir skool	-15 Detensie: 1 Pouse
105	Huiswerk afskryf	-15
106	Voorkomskontrole A	-5 Detensie: 1 Pouse
107	Voorkomskontrole B	-20: Detensie: 1 Pouse
108	Verlaat klas onwettig	-20
109	Verlaat skoolterrein onwettig tydens pouse	-20
110	Fisiese kontak: vryery, hande vashou, soenery, ens.	-20
111	Taalgebruik: onwelvoeglik	-30
112	Ignoreer opdragte (personeel en VRL)	-30
113	Versuim: geen klaswerk	-10
114	Ontwrig klas	-20
115	Span in die steek gelaat (sonder verskoning)	-40
116	Rekenaarspeletjies in sentrums	-20
117	Selfone, iPod, MP3/4 en ander elektroniese instrumente gebruik in klas, OF op die internetnetwerk van die skool	-50
118	Graffiti op skooleiendom	-50 en herstel/vervang beskadigde eiendom
119	Leuens / oneerlikheid (insluitend kopieer van portf. opdragte)	-40
120	Wangedrag op busse of skoolbyeenkomste	-40
121	Versuim om verpligte PAT, SBA, Opdragte, Take in te handig	-40
122	Kopieer van PAT, SBA, Opdragte, Take	-40
123	Laat inhandig van PAT, SBA, Opdragte, Take	-30
124	Versuim om verpligte middagklas by te woon (sonder verskoning)	-40

9. NEGATIEWE GEDRAGSKODE

KATEGORIE B (Ernstige oortredings)

ALLE UITSLUITINGS SAL INWERKING TREE NA ‘N DISSIPLINêRE VERHOOR

KODE	OORTREDING	NEGATIEWE PUNTE
201	Stokkiesdraai (1 periode X - 40)	-40
202	Stokkiesdraai (3 periodes tot heeldag)	-100
203	Baklei op die skoolterrein of in skooldrag	-60 en Oueronderhoud en Oorweeg 2 dae uitsluiting
204	Afkyk en krip in eksamens / toetse	-100 en Oueronderhoud en 0% vir toets/eksamen en Uitsluiting: 2 dae
205	Diefstal	-100 en Uitsluiting: 1 week
206	Vandalisme / Saakbeskadiging van skooleiendom	-100 en Oueronderhoud en Uitsluiting 1 week en Herstel / vervang eiendom
207	Ondermyn / die gesag van die personeel	-100 en Uitsluiting: 2 dae en Oueronderhoud
208	Misbruik van Sosiale Media (Crimen Injuria ens)	-60 en Oueronderhoud en Oorweeg 2 dae uitsluiting
209	Pornografiese materiaal in besit van leerling	-100 Uitsluiting 2 dae Oueronderhoud
210	Onvanpaste kommunikasie met personeel wat nie verband hou met akademiese werk of logistieke reëlings nie / kommunikasie met ‘n seksuele ondertoon / personeellid ervaar ongemak / toenadering tot ‘n seksuele verhouding / Enige vorm van intimidasie teenoor personeellid	-100 Oueronderhoud en Pastorale Gesprek Oorweeg 2 dae uitsetting
211	Doen die skool se naam oneer aan dmv sosiale media	-80 punte Ouers word ingelig Skriftelike waarskuwing
212	Boelie / viktimisasie / afpers dmv sosiale media	-80 punte Ouers word ingelig Skriftelike waarskuwing

KODE	OORTREDING	NEGATIEWE PUNTE
201	Stokkiesdraai (1 periode X - 40)	-40
202	Stokkiesdraai (3 periodes tot heeldag)	-100
203	Baklei op die skoolterrein of in skooldrag	-60 en Oueronderhoud en Oorweeg 2 dae uitsluiting
204	Afkyk en krip in eksamens / toetse	-100 en Oueronderhoud en 0% vir toets/eksamen en Uitsluiting: 2 dae
205	Diefstal	-100 en Uitsluiting: 1 week
206	Vandalisme / Saakbeskadiging van skooleiendom	-100 en Oueronderhoud en Uitsluiting 1 week en Herstel / vervang eiendom
207	Ondermyn / die gesag van die personeel	-100 en Uitsluiting: 2 dae en Oueronderhoud
208	Misbruik van Sosiale Media (Crimen Injuria ens)	-60 en Oueronderhoud en Oorweeg 2 dae uitsluiting
209	Pornografiese materiaal in besit van leerling	-100 Uitsluiting 2 dae Oueronderhoud
210	Onvanpaste kommunikasie met personeel wat nie verband hou met akademiese werk of logistieke reëlings nie / kommunikasie met ‘n seksuele ondertoon / personeellid ervaar ongemak / toenadering tot ‘n seksuele verhouding / Enige vorm van intimidasie teenoor personeellid	-100 Oueronderhoud en Pastorale Gesprek Oorweeg 2 dae uitsetting
211	Doen die skool se naam oneer aan dmv sosiale media	-80 punte Ouers word ingelig Skriftelike waarskuwing
212	Boelie / viktimisasie / afpers dmv sosiale media	-80 punte Ouers word ingelig Skriftelike waarskuwing

KATEGORIE C (Baie ernstige oortredings)

ALLE UITSLUITINGS SAL INWERKING TREE NA ‘N DISSIPLINêRE VERHOOR

KODE	OORTREDING	NEGATIEWE PUNTE
301	In besit van rookgoed / Rook teenwoordig	-80 Uitsluiting 3 dae
302	Rook	-100 en Uitsluiting 5 dae en Oueronderhoud
303	In besit van drank / Drank teenwoordig	-80 en Uitsluiting: 3 dae en Oueronderhoud
304	Drank gebruik	-100 en Uitsluiting 1 week en Oueronderhoud
305	In besit van dwelms	-100 en Aanmelding by polisie en Finale waarskuwing en Uitsluiting 1 week en Oueronderhoud
306	Gebruik van dwelms	-100 en Aanmelding by polisie en Finale waarskuwing en Uitsluiting: rehabilitasie program en Oueronderhoud
307	Seksuele wangedrag	-100 en Uitsluiting: 2 tot 5 dae
308	Verbale aggressie teenoor personeel & leerders bv vloek, beledig ens	-100 en Uitsluiting: 1 week en Oueronderhoud
309	Fisiese geweld teenoor ‘n mede leerder	-100 en Moontlike uitsluiting Skriftelike waarskuwing Oueronderhoud
310	Fisiese geweld teenoor personeel	-100 en Uitsluiting: Permanent Oueronderhoud
311	Viktimisasie (dreigende optrede/woorde, aantasting van menswaardigheid, boelie), Rassistiese intimidasie, Afpersing ens	-100 en Uitsluiting: 1 week en Oueronderhoud
312	Doodsdreigemente teenoor personeel en /of leerder	Uitsluiting Aanmelding by polisie

10. PROSEDURE VIR DISSIPLINêRE OPTREDE TEEN LEERDERS

In geval van die oortreding van enige bepaling wat in die gedragskode vir leerders voorgeskryf word, moet hierdie dissiplinêre prosedure gevolg word. Vir die toepassing van hierdie dissiplinêre prosedure word wangedrag in drie kategorieë verdeel. Dit stem ooreen met die verskillende dissiplinêre stappe wat gedoen kan word en die verskillende prosedures wat gevolg kan word in die hantering van wangedrag.

Vir doeleindes van prosedurele aangeleenthede sal oortredings van koshuisreëls as oortredings van die gedragskode beskou word, en sal dieselfde prosedurele vereistes, met die nodige aanpassings na gelang van omstandighede, geld.

Enige verwysing na die beheerliggaam in hierdie dissiplinêre prosedure sluit die dissiplinêre komitee van die beheerliggaam in.

10.1 DISSIPLINÊRE OPTREDE (Minder ernstige oortredings)

10.1.1 KATEGORIE A-WANGEDRAG

- Enige oortreding 101 tot 124 van die gedragskode

- In geval van die oortreding van enige van bovermelde bepalings, moet sodanige oortreding na ’n opvoeder van die skool verwys word, en is sodanige opvoeder by magte om die volgende strafmaatreëls toe te pas:
  - ’n Mondelinge of skriftelike waarskuwing;
  - Skoolwerk onder toesig wat tot die leerder se vordering by die skool sal bydra én die skoolomgewing sal verbeter, met dien verstande dat die ouers betyds ingelig en die veiligheid van die kind verseker word;
  - Die uitvoer van pligte deur die oortreder ten gunste van die persoon/instansie wat deur die oortreding benadeel is;
  - Opskorting van deelname aan skoolaktiwiteite, soos sport en kultuur (wat sosiale geleenthede uitsluit)

10.1.2 KATEGORIE B-WANGEDRAG

- Enige oortreding van 201-208 van die gedragskode.

- In geval van die oortreding van enige van bovermelde bepalings, moet sodanige oortreding na die skoolhoof verwys word, en is die skoolhoof by magte om die volgende strafmaatreëls toe te pas:

- Enige van die strafmaatreëls in 201-208 hier bo, waartoe die volgende bygevoeg kan word:
  - Uitsluiting van deelname aan sosiale geleenthede van die skool;
  - Ooreengekome, bekostigbare vergoeding;
  - Die herstel of vervanging van beskadigde eiendom;
  - Gemeenskapsdiens vir tot ses uur
  - Detensieklas

10.1.3 ERNSTIGE OORTREDINGS

- Kategorie C-wangedrag
- Enige oortreding van 301-308 van die gedragskode.

- In geval van die oortreding van enige van bovermelde bepalings, moet sodanige oortreding na die beheerliggaam verwys word, en is die beheerliggaam by magte om die volgende strafmaatreëls toe te pas:
- Enige van die strafmaatreëls in 1.1.1(a) tot (d) en 1.1.2(b) tot (e) hier bo, waartoe die volgende bygevoeg kan word:
    - In geval van die oortreding van die gedragskode deur lede van die VRL en ander skoolleiers:
    - Saam met of as alternatief vir bogenoemde, skorsing van pligte vir ’n tydperk van tot ses weke, of afdanking en permanente verwydering uit die VRL of ’n ander leiersamp in die skool
- Na afloop van ’n verhoor waarin enige leerder skuldig bevind is aan die oortreding van die bepalings van die gedragskode, kan die beheerliggaam sodanige leerder enige van voormelde strawwe oplê, of die leerder skors, of by die Onderwyshoof aanbeveel dat die leerder uit die skool uitgesit word.

- Indien daar op slegs skorsing as ‘n straf besluit word, kan die beheerliggaam die leerder vir tot (7) sewe skooldae skors.

- Indien die beheerliggaam besluit om die uitsetting van die leerder by die Onderwyshoof aan te beveel kan die beheerliggaam die leerder vir ‘n redelike tydperk van tot veertien skooldae skors, hangende die Onderwyshoof se beslissing.

- Na afloop van ’n verhoor waarin enige leerder aan die oortreding van koshuisreëls skuldig bevind word, kan die beheerliggaam sodanige leerder enige van voormelde strawwe oplê, of die leerder vir enige gepaste tydperk van koshuisinwoning skors, of die leerder uit die koshuis uitsit.

10.2 VOORKOMENDE SKORSING

Die beheerliggaam kan, op redelike gronde en as ’n voorsorgmaatreël, ‘n leerder wat vemoedelik ernstige wangedrag (kategorie C) gepleeg het vir tot sewe skooldae van skoolbywoning skors, maar kan slegs sodanige skorsing oplê nadat die leerder ’n redelike geleentheid ontvang het om vertoë in verband met sodanige skorsing aan die beheerliggaam te rig.

10.3 DISSIPLINÊRE VERHOOR

10.3.1 VOORLOPIGE ONDERSOEK

Wanneer ’n leerder na bewering of vermoedelik ’n ernstige oortreding (kategorie C) begaan het, kan die skoolhoof ’n ondersoekbeampte aanstel. Laasgenoemde sal inligting insamel sodat die skoolhoof kan besluit of ’n dissiplinêre verhoor nodig is.

10.3.2 VERHOOR

10.3.2.1 Die ondersoekbeampte stel ’n klagstaat op, en die ouers en leerder ontvang skriftelik kennis van die klag en die plek, datum en tyd van die verhoor. Hierdie reëlings word in oorleg met die dissiplinêre komitee getref.

10.3.2.2 Die kennisgewing moet genoeg inligting bevat oor die datum, plek en aard van die beweerde oortreding.

10.3.2.3 Minstens vyf skooldae moet tussen die oorhandiging van die kennisgewing en die verhoor verloop.

10.3.2.4 Die beheerliggaam stel die dissiplinêre komitee aan. Die voorsitter van die komitee moet ’n lid van die beheerliggaam wees. Die dissiplinêre komitee sal die bevoegdheid hê om die dissiplinêre verhoor namens die beheerliggaam te behartig en af te handel, so volledig asof dit deur die beheerliggaam self gedoen is, en sal geregtig wees om alles te doen wat die beheerliggaam kragtens toepaslike wetgewing mag doen, wat insluit die oplegging en afdwinging van enige strafmaatreël en die aanbeveling van uitsetting by die Onderwyshoof.

Hierdie oordrag van bevoegdheid belet egter nie die beheerliggaam om sodanige bevoegdhede self uit te oefen nie.

10.3.2.5 Die leerder moet deur sy/haar ouer of ’n persoon wat deur die ouer aangewys word, bygestaan word. In geval van ernstige oortredings het die leerder die reg om aansoek te doen om deur ’n regsverteenwoordiger of ander persoon wat deur die ouer van die leerder aangewys word, verteenwoordig te word. Sodanige aansoek moet minstens twee skooldae voor die aanvang van die verhoor aan die voorsitter van die dissiplinêre komitee gerig word. Geen ander persone behalwe bogenoemde mag die verhoor namens die beskuldige leerder bywoon nie.

10.3.2.6 Wanneer ’n leerder regsverteenwoordiging het, kan die leerder die dissiplinêre prosedure verkort deur ’n pleit-en-vonnis-ooreenkoms met die voorsittende beampte te sluit.

10.3.2.7 Benewens minderjarige leerders se reg om deur middel van tussengangers te getuig, soos dit in artikel 8(7) tot (9) van die Skolewet uiteengesit word, sal minderjarige leerders (hetsy as beskuldigdes of as getuies) ook geregtig wees om gedurende dissiplinêre verrigtinge deur hul ouers of ’n opvoeder van hul keuse bygestaan te word. ’n Persoon wat ’n leerder bystaan, sal egter nie geregtig wees om enige vrae namens die leerder te beantwoord of die dissiplinêre komitee toe te spreek nie.

10.3.2.8 Leerders wat by dissiplinêre verrigtinge betrokke is, sal ook geregtig wees op ondersteuning, advies en berading deur opvoeders wat vir daardie doel deur die skoolhoof of die beheerliggaam aangewys is, met dien verstande dat sodanige opvoeder nie die leerder by die dissiplinêre verhoor mag bystaan tensy die ouer van die leerder die opvoeder daartoe magtig nie.

10.3.2.9 Indien die leerder en/of sy/haar ouers en/of verteenwoordiger ondanks behoorlike kennisgewing afwesig is, kan die verhoor in hul afwesigheid voortgaan.

10.3.2.10 Die verhoor moet billik en regverdig wees, en sal volgens die voorskrifte van die toepaslike provinsiale wetgewing geskied. Die aanklaer en leerder (of die leerder se verteenwoordiger namens die leerder, indien van toepassing) moet die geleentheid gegun word om hul saak te stel, kan vrae aan getuies stel, kan getuies roep, en kan dokumente wat op die saak betrekking het, ondersoek of voorlê.

10.3.2.11 Die lede van die dissiplinêre komitee sal self ook geregtig wees om getuies te roep, bykomende getuies of getuienis aan te vra, vrae aan getuies te stel, of enige aspek verder te ondersoek of te laat ondersoek wat billikheid en regverdigheid kan bevorder.

10.3.2.12 Nadat die getuienis aangehoor is, neem die komitee ’n besluit oor die leerder se skuld of onskuld. Vir doeleindes hiervan, of vir doeleindes van ’n beslissing oor enige geskil wat gedurende die verrigtinge ontstaan, sal die komitee geregtig wees om vir ’n redelike tydperk te verdaag ten einde sy beslissing te oorweeg. Sodanige oorweging sal agter geslote deure geskied en slegs deur lede van die komitee bygewoon word.

10.3.2.13 Indien die leerder skuldig bevind word, sal die leerder en die aanklaer nóg ’n geleentheid ontvang om getuienis aan te bied en/of vertoë te rig oor versagtende en verswarende omstandighede wat die komitee in ag moet neem ten einde ’n gepaste straf op te lê. Ten einde ’n gepaste straf te oorweeg, sal die komitee geregtig wees om weer vir ’n redelike tydperk te verdaag. Sodanige oorweging sal ook agter geslote deure geskied en slegs deur lede van die komitee bygewoon word.

10.3.3 Uitspraak en strafmaatreël

10.3.3.1 In geval van ’n skuldigbevinding moet die beslissing van die dissiplinêre komitee, wat die opgelegde sanksie insluit, binne hoogtens vyf skooldae skriftelik aan die leerder en sy/haar ouers en die aanklaer oorgedra word.

10.3.3.2 Ondanks enige skuldigbevinding en strafmaatreël wat deur die beheerliggaam opgelê word, kan enige belanghebbende enige oortreding van die gedragskode wat op ’n strafregtelike oortreding kan neerkom, vir ondersoek na die Suid-Afrikaanse Polisiediens verwys.

10.4 INTERNE APPÈL

10.4.1 ‘n Party wat ontevrede is met die uitslag van dissiplinêre verrigtinge voor die beheerliggaam se dissiplinêre komitee sal die reg hê om binne 24 uur nadat hy/sy die skriftelike uitslag ontvang het, skriftelik by die voorsitter van die beheerliggaam teen die skuldigbevinding, die opgelegde strafmaatreël, of albei, te appelleer.

10.4.2 Die kennisgewing van appèl moet die gronde vir die appèl duidelik uiteensit.

10.4.3 Binne 24 uur ná ontvangs van die kennisgewing van appél moet die voorsitter van die beheerliggaam ’n appèlkomitee saamstel wat uit ’n lid van die beheerliggaam as voorsitter, en minstens twee ander kundige persone bestaan. Die lede van die dissiplinêre komitee wat die saak aangehoor het, kan nie in die appèlkomitee ook dien nie.

10.4.4 Die voorsitter van die beheerliggaam moet die kennisgewing van appèl aan die voorsitter van die appèlkomitee en die ander party in die verrigtinge voor die dissiplinêre komitee oorhandig, en toesien dat die rekord van die dissiplinêre verrigtinge tot die appèlkomitee se beskikking gestel word.

10.4.5 Die ander party sal geregtig wees om binne 24 uur ná ontvangs van die kennisgewing van appèl in reaksie daarop vertoë aan die voorsitter van die appèlkomitee te rig.

10.4.6 Die appèlkomitee sal by oorweging van die appèl beperk wees tot ’n oorweging van die rekord van die verrigtinge voor die dissiplinêre komitee, die kennisgewing van appèl, en enige vertoë wat die ander party voorlê.

10.4.7 Enige party wat verdere getuienis wat nié deel uitmaak van die rekord van die verrigtinge voor die dissiplinêre komitee nie, vir oorweging aan die appèlkomitee wil voorlê, moet skriftelik om toestemming by die voorsitter van die appèlkomitee aansoek doen. In geval van die appellant moet sodanige aansoek in die kennisgewing van appèl vervat wees, en in geval van die ander party moet dit binne 24 uur ná oorhandiging van die kennisgewing van appèl geskied.

10.4.8 Die aansoek om nuwe getuienis voor te lê moet ’n volledige verduideliking bevat waarom die getuienis nie gedurende die dissiplinêre verrigtinge beskikbaar was of aangebied is nie, moet die aard van die getuienis uiteensit, en moet die tersaaklikheid van die getuienis vir die oorweging van die appèl uiteensit.

10.4.9 Die appèlkomitee moet binne sewe skooldae ná ontvangs van die kennisgewing van appèl sy besluit skriftelik aan die partye bekend maak.

10.4.10 Enige strafmaatreël wat deur die dissiplinêre komitee opgelê is, word opgeskort hangende die beslissing van die appèlkomitee.

10.4.11 Met die oorweging van die appèl kan die appèlkomitee:

- die beslissing van die dissiplinêre komitee oor die skuldig- of onskuldigbevinding en/of strafmaatreël ter syde stel of handhaaf;
- ’n alternatiewe strafmaatreël oplê (wat ’n swaarder straf insluit); en
- enige ander beslissing gee wat die appèlkomitee in die omstandighede as billik of regverdig ag.

10.5 ALGEMENE BEPALINGS

Die beheerliggaam moet behoorlik van die dissiplinêre verrigtinge rekord hou. Vir hierdie doel kan die beheerliggaam ’n persoon aanwys om die verrigtinge te notuleer of elektronies op te neem. Sodanige persoon sal nie deel uitmaak van die komitee nie.

GETEKEN TE _____ OP HIERDIE _____ DAG VAN _____2017_____

_____

Beheerliggaamvoorsitter

_____

Skoolhoof

VOORBEELD DOKUMENTE

- Kennisgewing van ’n dissiplinêre verhoor
- Kennisgewing van die uitslag van ’n dissiplinêre verhoor
- Pleit- en vonnisooreenkoms
- Detensie-prosedure

KENNISGEWING VAN DIE DISSIPLINÊRE VERHOOR VAN 'N LEERDER, GEDRUK OP DIE BRIEFHOOF VAN DIE SKOOL

Naam van die leerder:
Adres:

Vir handaflewering

Kennisgewing van ’n dissiplinêre verhoor

Neem asseblief kennis dat u op die datum, tyd en plek onderaan hierdie kennisgewing voor die dissiplinêre komitee van die beheerliggaam moet verskyn om te antwoord op die klagte(s) wat teen u ingebring is, waarvan die besonderhede hier onder verskyn:

Klag(te)

U word van wangedrag aangekla aangesien u na bewering:

- reël (*vul reëlnommer in)* van die skool se gedragskode op _____ (*vul datum van oortreding in*) te _____ (*vul plek van oortreding in*) oortree het deur _____ (*gee bondige opsomming van die besonderhede van die oortreding*); en
- (*Herhaal bostaande indien nóg oortredings beweer word.)*

Let asseblief op die volgende:

- ❖ U is geregtig om gedurende die verrigtinge deur u ouer of iemand wat deur u ouer aangewys is, verteenwoordig te word.
- ❖ Indien u van plan is om van regsverteenwoordiging gebruik te maak, moet die proses vir toestemming daarvoor soos dit in die skool se gedragskode voorgeskryf word, gevolg word. U sal self vir die koste van u regsverteenwoordiging verantwoordelik wees.
- ❖ U sal geregtig wees om getuies wat teen u kan getuig, te ondervra; om self te getuig; om u eie getuies te roep; om dokumentêre getuienis wat teen u aangebied kan word, te ondersoek, en ook self dokumentêre getuienis voor te lê.
- ❖ Dit is u verantwoordelikheid om toe te sien dat getuies wat u wil roep om namens u te getuig, by die verrigtinge teenwoordig is en bly so lank as wat hul teenwoordigheid vereis word.
- ❖ U sal daarop geregtig wees om die komitee oor enige aangeleentheid met betrekking tot die verrigtinge toe te spreek.
- ❖ Die taal waarin die ondersoek gehou sal word, is die taal van die skool. Indien u die dienste van ’n tolk sou benodig, moet u self daarvoor voorsiening maak.
- ❖ Indien u versuim om die verrigtinge by te woon of tot die afhandeling daarvan teenwoordig te wees, kan die verrigtinge in u afwesigheid voortgesit en afgehandel word.
- ❖ Dit is u verantwoordelikheid om u te vergewis van die skool se reëls met betrekking tot dissiplinêre verrigtinge, soos dit in die skool se gedragskode vervat word.
- ❖ Woon asseblief die verrigtinge in skooldrag by.

Datum van verhoor:

Tyd van verhoor:

Plek van verhoor:

_____ _____

SKOOLHOOF **DATUM**

Ek, _____ _____, erken hiermee ontvangs van die brief op _____.

_____ _____

Handtekening van leerder Handtekening van ouer

KENNISGEWING VAN DIE UITSLAG VAN DIE DISSIPLINÊRE VERHOOR VAN 'N LEERDER, GEDRUK OP DIE BRIEFHOOF VAN DIE SKOOL

Naam van die leerder: **Naam van die aanklaer:**

Adres:

Vir handaflewering

Kennisgewing van die uitslag van ’n dissiplinêre verhoor

Ontvang asseblief kennis van die uitslag van die dissiplinêre verhoor op _____ (*vul datum in)* met betrekking tot die klagte(s) wat teen _____ (*vul naam van leerder in)* ingebring is.

Klag(te)

- (*Vul bloot in ‘skuldig’ of ‘onskuldig’.)*
- *(Herhaal bostaande indien nóg oortredings beweer is.)*

Redes vir die bevinding:

(*Verskaf volledige redes vir die komitee se bevinding.)*

Straf

Die straf wat u opgelê word, is soos volg:

- (*Vul die besonderhede van die straf in.)*
- *(Herhaal bostaande indien nóg skuldigbevindings uitgebring is.)*

Redes vir die straf

(Verskaf volledige redes vir die komitee se besluit oor die straf.)

_____ _____

Voorsitter: Dissiplinêre komitee **DATUM**

Ek, _____, erken hiermee ontvangs van die brief op _____.

_____ _____

Handtekening van leerder Handtekening van ouer

_____

Handtekening van aanklaer

Pleitooreenkoms tussen die beheerliggaam van _____

(skool)en _____ (leerder)

1. INLEIDING

Aangesien:

- o die leerder van _____ (*sit die besonderhede van die klag/klagte hier uiteen)* aangekla word,

kom die partye hierin nou soos volg ooreen:

2. OORLEGPLEGING

2.1 Die aanklaer, _____(naam), is skriftelik deur die beheerliggaam daartoe gemagtig om met die leerder te onderhandel en ’n ooreenkoms aan te gaan.

2.2 Die aanklaer en die leerder, wat deur _____ (prokureur) verteenwoordig word, het onderhandel en hierdie ooreenkoms aangegaan met betrekking tot ’n pleit van skuldig deur die leerder en ’n gepaste straf wat deur die beheerliggaam opgelê sal word.

2.3 Die aanklaer het met die beheerliggaam en die betrokke slagoffer (*indien ’n medeleerder/die skool of iemand anders as gevolg van die leerder se optrede skade gely het*) oorleg gepleeg en hulle die geleentheid gebied om aanbevelings oor die inhoud van die ooreenkoms te maak. Die betrokke partye is tevrede met die inhoud van die ooreenkoms.

3. DIE LEERDER SE REGTE

3.1 Die leerder erken dat hy/sy voor die aangaan van hierdie ooreenkoms ten volle van die volgende regte ingelig was:

3.1.1 Dat hy/sy onskuldig geag word totdat hy/sy bo alle redelike twyfel skuldig bewys word

3.1.2 Dat hy/sy kan swyg en nie gedurende die verrigtinge hoef te getuig nie

3.1.3 Dat hy/sy nie verplig word om selfbeskuldigende getuienis af te lê nie

3.1.4 Dat hy/sy nie verplig word om hierdie ooreenkoms aan te gaan nie

4. OPSOMMING VAN DIE TERSAAKLIKE FEITE

SIT FEITE HIER UITEEN

5. PLEIT EN FORMELE ERKENNING

5.1 Die partye stem saam en het ooreengekom oor die volgende feite. Die leerder pleit soos volg en maak die volgende erkennings:

5.2 Die leerder erken dat hy/sy die klag, soos dit in die klagstaat uiteengesit word, gelees het; dat hy/sy die aard en betekenis daarvan verstaan, en dat hy/sy skuldig pleit ten opsigte van die klag van _____ (*herhaal net kortliks die besonderhede van die klag/klagte),* en bevestig die volgende:

5.3 Die leerder erken dat hy/sy vrywillig, ongedwonge, ten volle bewus, en sonder onbehoorlike bëinvloeding die ooreenkoms aangegaan het.

5.4 Die leerder erken voorts dat hy/sy persoonlik kennis dra van die skulderkennings hier onder:

5.5 *SIT FEITE VAN OORTREDING HIER UITEEN*

5.6 Die leerder erken ook dat hy/sy deurgaans bewus was dat sy/haar optrede teenstrydig is met die skool se gedragskode, en dat hy/sy gestraf kan word.

6. VERSAGTENDE OMSTANDIGHEDE

6.1 Die leerder het skuldig gepleit.

6.2 Die leerder het geen vorige veroordelings nie (indien van toepassing).

6.3 *NOEM VERDERE OMSTANDIGHEDE WAT VAN TOEPASSING KAN WEES*

7. VERSWARENDE OMSTANDIGHEDE

7.1 Die betrokke oortreding is van ’n ernstige aard.

7.2 Die oortreding was voorbedag (indien van toepassing).

7.3 *NOEM VERDERE OMSTANDIGHEDE WAT VAN TOEPASSING KAN WEES*

8. OOREENKOMS MET BETREKKING TOT 'N REGVERDIGE STRAF

8.1 Die betrokke partye het ooreengekom oor ’n gepaste straf, en versoek die beheerliggaam om die straf op te lê.

8.2 Die erns van die ooreenkoms, die belang van die skoolgemeenskap, en die persoonlike omstandighede van die leerder is deur al die partye in ag geneem.

8.3 Die partye kom ooreen dat die volgende in die betrokke omstandighede ’n billike en regverdige straf uitmaak:

SIT STRAF HIER UITEEN

GETEKEN TE _____ OP HIERDIE _____ DAG VAN _____20__

_____

LEERDER

_____

REGSVERTEENWOORDIGER VAN DIE LEERDER

_____

AANKLAER

DETENSIEPROSEDURE 2022

POUSE-DETENSIE

1. Leerlinge word geboek vir ‘n pouse-detensie vir die volgende twee redes:

    - Laat vir skool
    - Druip van voorkomsinspeksie (Hare en Kleredrag asook Algemene)
    - Wanneer ‘n personeellid dit versoek agv herhaalde oortredings in die klas soos bv huiswerk nie gedoen nie.

    Indien enige leerling 3 detensiesessies tydens pouse misloop, sonder verskoning, word die leerling outomaties geboek vir ‘n 2 uur verpligte strafstudie op ‘n Woensdagmiddag

2. Die detensie tydens pouse behels die volgende:

    - Leerlinge mag niks by hul hê nie – geen selfone, oorfone, boeke of eetgoed nie. (Leerlinge moet asb selfone op die grond sit)
    - Die name word voor pouse aan onderwysers deurgegee wat die leerlinge inlig.
    - Name moet die dissiplinêre hoof bereik voor die einde van die 2de periode.
    - Name van leerlinge wat nie opgedaag het nie, moet direk na afloop van die pouse aan die dissiplinêre hoof deurgegee word.
    - Niemand mag werk by hul hê nie.
    - Leerlinge mag ook nie lê en slaap nie.
    - Leerlinge moet betyds aanmeld en mag die laaste 5 minute van pouse kry om gou hul draaie te loop.
    - Detensie sal wees in die lokaal van die persoon wat daardie dag op terreindiens is en wie se naam eerste verskyn op die dagrooster.

VERPLIGTE STRAFSTUDIE – DETENSIE

1. Leerlinge is onderhewig aan die puntestelsel soos deur die gedragskode gestel en sou ‘n negatiewe punt van 150 bereik word, sal die leerling geboek word vir ‘n verpligte 2 uur verpligte middagstudie op die daaropvolgende Woensdag.

2. Leerlinge wat hierdie strafstudie moet bywoon sal die Vrydag voor die Woensdag daarvan ingelig word.

3. Sou leerlinge ‘n kategorie B of C oortreding begaan sal die dissiplinê hoof na hantering van die saak die leerling boek vir ‘n verpligte strafstudie as strafmaatreël, sou dit nodig wees.

4. Onderwysers is steeds verantwoordelik om kategorie A oortredings te boekstaaf en deur te gee aan die SAMS kantoor. Sodoende kan die leerlinge wat gereeld oortree, gemonitor word.